

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 121**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Vrees vir die ouderdom*

Die ouderdom kruip vir elke mens onverbiddelik nader. Die tyd toe jy met mag en geweld alles verander het om jou te pas, gaan stadigaan verby. Die tyd toe jy so sterk en onafhanklik geleef en niks of niemand nodig gehad het nie, sal verander.

Laat ek jou vertel wat staan vir jou en vir elke mens voor die deur wanneer jou seisoen gesluit het en jy het nog gebly:

- \* Die oudag is 'n periode van groot aanpassings.
- \* Baie dinge sal vir jou leeg en betekenisloos word.
- \* Baie van jou goeie vriende en kennisse het miskien reeds vertrek en jy het "alleen" agtergebly.
- \* Jy kan nie meer in die wêreld uitgaan nie en jy word meer en meer bewus van jou beperkinge.
- \* Jy sal voortdurend probeer om te bewys dat jy jonger is as wat jy werklik is.
- \* Dit sal vir jou noodsaaklik word om te wys dat jy vir ander mense nodig is.
- \* Jy sal worstel met die idee dat jongeres jou plek ingeneem het.
- \* 'n Gevoel van hulpeloosheid en afhanklikheid sal jou dikwels oormeester.
- \* Jy sal behep wees met siekte, kwale en met metodes om te probeer gesond en aan die lewe bly.
- \* Die kinders sal groot en uit die huis wees en jy sal soms voel dat daar geen doel meer is om voor te lewe nie.
- \* Jou geldjies sal min wees omdat jy nie meer self kan verdien nie.

"... Dié dag wanneer die wagtters van die huis sal bewe en die sterk manne krom word ..." Prediker 12:3. Dié dag wanneer jy oud geword het, moet jy met al hierdie en nog baie meer faktore rekening hou en uit al die besonderhede een sinvolle lewe bou... en dit is geen maklike saak nie. Daarom maak die ouderdom 'n mens bang en daarom verdedig mense hulself gedurig teen die proses van oud word. Al gebruik hulle maar net 'n middeltjie om weer energie te kry of 'n roompie om die plooi te laat verdwyn. Diep in hulle binneste is daar maar eintlik 'n vrees vir die ouderdom.

Daar is niks om in die ouderdom te vrees as 'n mens God ken nie: "Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhove van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die Here reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie." (Psalm 92:13-16).

'n Mens kan mooi oud word en die oudag kan sinvol wees as jy God ken.

- \* Al kan jy nie meer werk nie en jy ken God, dan kan jy nog nuttig wees deur 'n vrugbare gebedslewe... 'n mens word nooit te oud om te bid nie: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." (Jak. 5:16).
- \* Al het jy swak en afhanklik geword en jy ken God, dan sal jy altyd veilig wees: "Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid." (Ps. 121:8).
- \* Al word jy baie siek en jy moet baie ly en jy ken God, dan het die swaarkry ook betekenis: " ... Want die Here tugtig hom wat Hy liefhet en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem." (Hebr. 12 : 6).
- \* Al het jou geldjies ook min geword en jy ken God, dan kan jy nóg sê: Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie." (Ps. 23:1).

Jy hoef die ouderdom nie te vrees nie as jy maar God ken. Daarom lyk dit vir my belangrik om *Hom te soek terwyl Hy nog te vinde is, want jy word elke dag ouer.*

**Kotie de Jager.**

## ***Dink nie aan my sondes nie***

Iemand het eendag met 'n bewende stem gesê: "oud-word is om te leer dat die lewe een teleurstelling is; dit is terugkyk na jou jong jare met smart en wroeging; dit is om te voel hoe ydele eer en roem is; dit is om in jou geheue alleen nog die skaduwee te sien van wat eendag jou hoop was; dit is om te weet dat eersug na die graf lei en jou nie hoër ophef nie ..."

### **Voel u ook só?**

Baie van my oormoedige en stoutmoedige verwagtings en ideale van die jeug het verdwyn. Ek kon daarby nie uitkom nie. Baie dinge het my vroeër bekoor en ek het voortgejaag na ideale wat op teleurstelling uitgeloop het.

Nou kyk ek agtertoe. Die verlede met al sy gebeure en ervarings flits voor my oë verby. Daar is ook mooi herinneringe. Daar was ook diep smarte, waarvan die wonde genees het. 'n Mens kan gemoedelik en kalm daaraan terugdink, maar daar is bladsye in die boek van my verlede wat bitter en blywende droefheid veroorsaak. Bladsye wat bevlek is met donker swart merke wat deur geen menslike middel uitgewis kan word nie. Dit is die sondes van my jeug.

### **Is u alleen in u droefheid oor u sonde?**

Daar is 'n oorlewing wat vertel dat Petrus op sy gryse ouderdom elke oggend, wanneer die hanekraai hom wakker gemaak het, opgestaan het en gebid het. 'n Traan van droefheid en skaamte, omdat hy sy Meester verraai het, het oor sy wang gerol.

Paulus kon sy lewe lank nie vergeet dat hy vroeër die gemeente van Christus vervolg het nie. Dit was onherroeplik verby.

Dawid kon hierdie donker bladsye uit die boek van sy jonkheid ook nie uitskeur en in die vergetelheid laat insink nie. Hoor wat bid hy: "Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o Here!"

Dink u ook miskien met so 'n bitter smart, wat voortdurend terugkeer, aan die moedswillige oortredings van u jeug? Voel u soms bang as u dink aan u sondes en aan die oordeel wat naderkruip? Moet u of u kind dalk nog die gevolge dra van u verwaarlosing van God se weg? Sien u in u geestesoog mense wat hulle hande na u ophef en dreig?

Werp uself dan soos Dawid op die ondeurgrondelike barmhartigheid van God en...

### **Smeek Hom om genade**

O, my God, ek voel benoud as ek dink aan al die kwaad wat ek in my lewe gedoen het. Watter van U gebooe is daar wat ek nie oortree het nie... in woorde, in daad of in gedagte? Meer nog, wat moes ek nie alles gedoen het, wat ek nooit gedoen het nie.

Nou is die tyd verby waarin ek al my skuldgevoelens kon verdrink in die stormwaters van 'n besige en gejaagde lewe. Langer kan ek myself nie meer bedrieg nie. Ek wil dit ook nie meer nie. Ek wil pleit om u goedheid, Here. Dink aan my na U goedertierenheid, want ek het niks wat u kan behaag nie. Ek wil die blye boodskap van die Evangelie aangryp: moenie vrees nie,

al was jou sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol. Dit wil ek glo. Dit wil ek vasklem.

### **U genade is vir my genoeg**

Op Golgota het Hy dit gedoen... sy bloed vir my gestort en sy bloed reinig alle sondes. Here, laat hierdie reiniging my ganse gemoed deurtrek. In die Naam van my Verlosser wil ek die leuenaar, wat my in vertwyfeling bring, aanspreek: "Gaan weg agter my, Satan!"

Ek wil nie langer na myself kyk, nie langer sleg voel en vra: is my berou eg en groot en diep genoeg? Ek wil glo dat U dit bedoel as U sê: "Ek sal hom wat na my toe kom nooit uitwerp nie." Al kom ek nou eers. Ek kom, net soos ek is, al het ek niks. Ek wil van U genade alleen leef, want u sê U genade is vir my genoeg. Laat U genade my sterk maak in my ouderdom.

Dan kan ek met 'n gesig wat straal van bo-aardse lig van die ouderdom sê: "oudword is om die arm van God al vaster om jou te voel." Dan kan ek sing:

"En soos die oosterkim se helder glanse, ver weg is van die kwynende awendtranse, so ver het hy ons sondes weggedaan."

**Jan Combrinck.**

## *As die ouderdom kom...*

Ag, daar is tog meer dinge as ouderdom wat in my lewe aan die kom is. Waarom dan nou oor die ouderdom praat? Almal word tog oud! Vandag is dit ek; môre is dit weer jy! Tog is dit nie die hele waarheid nie. Nie almal word ou mense nie. Sommige sterf nog voordat die ouderdom kom.

Veronderstel jy gaan óók oud word. Moenie hierdie gedagte met iets anders afmaak nie. Moet ook nie voor jou tyd oud wees nie. Dit is tog nodig dat ons vir 'n keer eerlik gesels oor die ouderdom wat naderkom...

### **Alles nie meer dieselfde nie**

As die ouderdom kom... dan gaan alles vir ons nie meer dieselfde wees nie. Die lewe gaan vir ons ook ánders wees as vroeër. Dit gaan vir ons ook 'n lewe wees van "nie meer nie."

- nie meer op skof by dieselfde myn of fabriek nie;
- nie meer op die dieselfde bus na my kantoor nie;
- nie meer agter my bekende lessenaar nie;
- nie meer in my klaskamer of in my handelsaak nie!

Dan is my daaglikse werktyd verby! Vir altyd op aarde! O, vir jou is dit dan die tyd om maandeliks pensioengeld te kry vir niks doen. Die tyd van jou uitkeerpolisse; die besoeke aan plekke waar jy nog nooit was nie; die doen van dingetjies waarvoor daar nooit tyd was nie; die hulp aan jou kinders en die kuiers aan ou vriende!

Is dit ál en is dit net só ver wat jy dink wanneer jy aan die ouderdom dink? Dan het jy nie diep genoeg én ook nie ver genoeg gedink nie! Kom ons dink 'n bietjie dieper en verder oor die ouderdom wat kom...

### **Wat van daardie dag?**

Wat van daardie dag wanneer die dood jou lewensmaat voor jou wegneem, daardie dag wanneer jou ou-mens-hande nie meer wil vat nie, daardie dag wanneer jou oë en ore weens jou hoë ouderdom nie meer hulle deel kan doen nie?

Wat van daardie dag as jy jou bestuurderslisensie maar moet gaan inhandig en die ou bene jou maar traag en vol pyne oor die straat dra, of wat van daardie dag as die einde van die ouderdom óók vir jǒú aangebreek het... as die dood jou kom haal? Wat gaan daar dan vir jou oorbly?

Wat gaan daar vir jou dán wees as jy nie meer sin in hierdie lewe het nie, as alles vir jou dan net moeite en verdriet geword het, as jy net in almal se pad voel, as jy voel dat jou hart en gewete nou begin praat, as die selfverwyte jou begin verteer dat jy jou lewe sinloos en doelloos deurgebring het?

Wat gaan daar dán vir jou wees as jy met al hierdie dinge vinger alleen staan... nie meer so sterk en slim en ryk soos nou nie?

### **Dit kan mooi wees...**

Tog kan alles ook in daardie tyd vir jou mooi wees... baie mooi! Dit is wanneer jy, soos baie ánder oumense, gelowige oumense, sal kan sê: "Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdigte verlate gesien nie..." (Ps. 37 : 25). Dit kan met jou óók so wees.

Dan moet jy van nou af alreeds aan jou Skepper dink. As jy eers daarvoor vir die oudag wag, is jy waarskynlik vir 'n leeftyd te laat. Soek nǒu die adres van Sy kerk, lees nǒu die Bybel, vra God om jou te leer bid.

Begin om met God te leef — en as jy eendag oud is, sal Hy nog met **jou** wees. As jy in jou ouderdom moet sterf, dan sal jy nog met Hom leef tot in ewigheid.

## **P. du Plessis**

### *PSALM 71*

*In die ouderdom — verlaat my nie*

*6: Op U het ek gesteun van die geboorte af, van die moederskoot af is*

*U my bevryder; oor U is my lof altyddeur.*

*9: Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie, verlaat my nie as my krag gedaan is nie.*

*12: o God, wees nie ver van my af nie; my God, maak tog gou om my te help.*

*17: o God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe verkondig ek u wonders.*

*18: ... ook tot die ouderdom en die grysheid toe — o God, verlaat my nie; totdat ek aan die volgende geslag u arm verkondig; aan almal wat sal kom, u mag.*

*19: Ook is u geregtigheid, o God, tot in die hoogte; U wat groot dinge ge doen het, o God, wie is soos U?*

*20: U wat my baie en erge node laat sien het, sal my weer lewendig maak en my weer ophaal uit die watervloede van die aarde.*

*21: Vermeerder my grootheid, en wend U om en troos my.*

*22: So wil ek V dan ook loof met die instrument van die harp, u trou, my God. Ek wil U psalmsing op die siter, o Heilige van Israel.*

*23: My lippe sal jubel as ek U psalming, en my siel wat U verlos het.*

# *Medewerker van God in sware en langdurige krankheid*

## **(1) Klag**

*Waarom, waarom, waarom o God,  
waarom is dit my lewenslot  
om jare, talloos, uur na uur  
'n smart so smartvol te verduur?*

## **(2) Antwoord**

*Ek het jou met My Hand gekeur  
dat krankheid jou sal breek en skeur.  
Jy lê in kranksmart jare lank  
soos Ek jou neerlê, smartlik krank.*

*As aarde en hemel sidder-beef  
dan roep jy nog: MY REDDER LEEF!  
Jy voer My opdrag uit. Jou leed  
word nooit en nimmer ooit vergeet.*

*Jou krankheid is jou roeping, seun.  
Wees krank, maar bly steeds op My leun,  
Ek is jou KRAG, jou HOOP, jou STEUN  
Hoor jy ook reeds die branders dreun?*

## **(3) Troos**

*Met KRAG na KRUIS en KRUIS na KRAG  
sal jy, my kind, dit tóg vermag.  
Met Ek in jou en jy in My  
sal Ek en jy jou lyde ly.*

## **(4) Berusting**

*Nou wil ek, roepingstaak bewus,  
só in my God se Wil berus:  
SOOS WAT U NEEM, LEER MY OOK GEE,  
DAN WERK U MEDEWERKER MEE.*

*Ek bid U HERE, maak my stil,  
eenswillend met U Heilige Wil  
om sterk in die Geloof te staan,  
getroos U Pad met my te gaan.*

*Nou dank ek U om Christus Wil,  
nou rus ek HERE, nou's dit stil.  
Ek hoor hoe see en branders dreun,  
die wêreld in benoudheid kreun.*

*Aan God sal ek my toevertrou,  
my hoop op sy ontferming bou,  
my wil versaak en voor Hom staan,  
met Hom sy weg met my te gaan.*

*Daar kán by my geen twyfel wees.  
Ek sal geen donker toekoms vrees.  
Waarom sal ek nou ophou roem  
as God my nóg sy kind wil noem ?*

## **(5) Voleinding**

*My seun, dit is ONS gloriëdag  
waarop die kranke wêreld wag.  
Verlos te word uit sondenood,  
gevrywaar teen die sondedood.*

*Terwyl jy van die laastes was,  
jou woning hier in sak en as —  
dáár sal jy van die eerstes wees  
waarvan jy in die Bybel lees.*

**Joost Heystek.**

## *Die ouderdom en dan?*

Ek is seker daarvan dat u hulle ook al gesien het... oud en krom, die oë dof, die hande dom. En tog, eens op 'n tyd was hulle ook jonk, net soos jy — lewenskragtig, gespierd, vol moed en energie was die manne. Die vroue was mooi en sag en grasieus en opwindend!

Gesels met hulle en jy kom tot die ontugtering dat hulle van hulle jeug praat asof dit gister was. Só vinnig gly die jare verby dat die psalmdigter dit tereg soos volg beskryf: "ons bring ons jare deur soos 'n gedagte; want gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen." Elders in die Skrif word die kortstondigheid van die mens se lewe "n handbreedte" genoem.

Wanneer 'n mens só aan die ouderdom dink, dan kom die skaduwee van die dood ook onvermydelik soos 'n wolk voor jou verbygeskuif. Ja, jong mense kan ook sterf. Elke mens oud of jonk word met die dood gekonfronteer. Vir ou mense is dit net 'n groter finaliteit. Hulle besef terdeë dat die Skrif die waarheid spreek as daar geskryf staan: "Die dae van ons jare — daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is tagtig jaar."

Die geskiedenis het dit bevestig — baie mense sterf voor die ouderdom van 70 of 80. Slegs enkeles haal 90 of 100. Só sal dit ook met u wees, indien dit nie alreeds die geval is nie: die ouderdom... en dan? Die dood is onvermydelik, maar 'n mens se vrees is nie juis vir die dood as sodanig nie, maar vir wat ná die dood kom.

Daarom is dit so dat baie ou mense onrustig is, onvergenoegd, met die een kwelling op die ander. Daar is geen gemoedsrus nie — geen vrede met God nie. Hierteenoor is die oudag van die ware kind van die Here pragtig. Dis 'n rustige oudag met genoeg tyd om jou nog verder te verdiep in die wonders van God en in die onbegryplike genade van Jesus Christus wat op Golgota vir ons volbring is.

Indien u nog in onverskilligheid voortleef, het dit nou dringend tyd geword om u sake reg te kry — die tyd is kort en ons bring ons jare deur soos 'n gedagte.

**P. A. Smit.**

## *OUD EN ALLEEN...*

Die lewe gaan by u verby. U voel uself nie meer 'n deelnemer aan die wêreld nie, want u het 'n toeskouer geword. U is te oud om saam te loop. Erger nog: u voel verstoot. U meen u is vir u familie en vir almal 'n las. U moet in ander se oë begin kyk om êrens te kom of iets te doen. U tydgenote val almal weg. U vriende, broers en susters sterf die een na die ander en u bly alleen oor...

### **Waar is die kerk nou?**

Toe u jonk en sterk was, was die kerk nog oor u besorgd. Toe het die kerkmense nog vir u gevra: wanneer kom jy weer na ons toe? Ook hierdie stemme het nou stil geword.

U het dalk lank gelede met 'n predikant of ouderling stry gekry oor dinge wat al lankal nie meer seermaak nie. Hulle is nog steeds in die gesellige saamwees van die kerk, maar u is nog steeds alleen buite die kerk. U voel dalk soms die hunkering om weer by die kerk in te skakel, maar u vra: stel die kerkmense in so 'n oumens belang?

U voel verstoot en alleen... ook van God verlate? U sal saamstem dat om so van mense verlate te voel iets angswekkends is, maar voel u ook van God verlate? Meen u God het u ook vergeet? Ja, u het in u lewe baie sondes gedoen. Nou vra u: Is dit dan die straf van God op sy sondige lewe dat ek só alleen moet wees?

U wil u troos met die gedagte: Maar ek het mos nog altyd God erken, al het ek nie meer aan die kerk behoort nie. Tog voel u in die agterkop dat dit sekerlik nie genoeg is om God net maar te erken nie. Het Hy u hieroor verlaat? U voel ook van God verlate.

### **Jesus Christus was ook alleen**

Die grootste eensaamheid wat 'n mens ooit op aarde ervaar het, was sekerlik dié van die Seun van God, Jesus Christus. Kan u u voorstel hoe Hy moes gesien het hoe die stroom van mense in 'n sondevloed voortstroom — en Hy moes alléén vir hulle sondes betaal. Ook Hy was van God verlate. Aan die kruis het Hy uitgeroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?”

U sondes het Hom eensaam gemaak. Vir u eensaamheid het Hy eensaam geword. Vir u alleenheid het Hy alléén betaal.

### **U eensaamheid word draaglik**

'n Vier-en-tagtig-jarige vrou het ervaar hoe Christus die eensaamheid verlig. Luk. 2 vertel hoe die oue Anna nie weggebly het van die tempel nie. Toe die kleine Jesus van agt dae in die tempel gebring is, het Hy weer in haar lewe dié vreugde gebring: "En sy het... die Here geprys en van Hom gespreek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het."

So het Jesus Christus haar deel van "almal wat die verlossing verwag het" gemaak. Dit wil Hy ook met u doen. Daarvoor het Hy alleen gesterf. Deur die geloof in Jesus Christus word u een van baie. So word u alleenheid opgehef en draaglik.

Jesus Christus wil nie dat u alleen buite in die koue staan nie. Hy is meer besorgd oor die een skaap wat alleen buite is as oor die 99 wat reeds binne die versorging is wat die kerk bied. Sy wil is dat u een moet wees van die baie wat Hom in die kerk dien. Ook u moenie van die tempel weggebly nie.

- + Omdat Jesus Christus vir u sondes betaal het, moet u in Hom glo. Dan is u nooit van God verlate nie. Hy verseker u van God se nabyheid.
- + Omdat Jesus Christus-self Hoof van sy kerk is, kan u deur Hom deel wees van 'n groot familie.
- + Dan kan die mense maar vinnig by u verbystroom — u kan by God wees.
- + Dan is u nooit alleen nie.

**A. G. S. Venter.**

## ***Die Here se genade is genoeg***

**“En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring.” (2 Kor. 12 : 9a).**

Die Here laat Paulus onder 'n swaar kruis buk. Wat dit was, weet ons nie, maar dit maak ook nie saak nie. Wat ons wel weet, is dat dit vir hom baie swaar was. Daardie kruis het 'n goddelike doel gedien. Immers, Paulus kon alleen sy roeping vervul as hy klein en nederig



bly. Hy moes voor sy Sender ootmoedig wees. Nou gebruik die Here hierdie kruis om daardie doel te dien. Selfverheffing sou fataal wees vir hierdie uitverkore werktuig. Daardie beproewing moes hom daarvan weerhou. So was daar in sy tugtiging bewarings-genade. Daardie kruis hou die apostel op sy knieë.

Let daarop dat hy nie in opstand kom nie. Nee, daarvoor is sy kruis te swaar. Paulus bid. As dit te seer druk en as dit te veel verbrysel, dan vlug hy na die troon van genade. Paulus het van sy swaar 'n gebedsaak gemaak. Hy het dikwels gebid dat die Here dit moes wegneem, maar die Here antwoord: Nee.

So val die goddelike beslissing: My genade is algenoegsaam. As antwoord op sy gebed wys die Here Paulus op sy genade. Daardie genade is groter weelde as wanneer Paulus sonder kruis sou wees. In daardie genade gee God die krag. Daardeur word die Here se genade in sy lewe openbaar. Die Here wys Paulus dan ook ten tweede as antwoord op sy gebed op sy krag. Daardie krag word juis in Paulus se swakheid openbaar. Sy krag werk só in die swakheid van sy apostel dat hy nooit sal beswyk nie, maar die oorhand sal behou.

Hoe baie van ons buk onder 'n swaar kruis. Ons sien dan ook so baie kruisdraers en skryf ons nou ook aan hierdie kruisdraers. Daardie kruis beteken baie tranes en soms diep vertwyfeling, maar hoe goed is dit as ons weet dat die Here daarmee 'n doel het. Nee, ons sal nie weet waarom nie en dit is ook nie nodig nie.

Sy weë is baie hoër as ons weë. Die Here wil ook nie dat ons nou weet nie; Hy wil dat ons moet bid. Die ware kruisdraer is dan ook 'n bidder. Op ons gebed neem die Here baie dikwels die kruis weg, maar baie dikwels bly die kruis; nieteenstaande ons gedurige gebede. Ons hoef nie te wanhoop of te murmureer nie.

Ons weet dan dat sy genade vir ons genoeg is en sy genade is dan 'n groter weelde as om sonder kruis te wees. Ons mag in daardie gebedsvertroue wandel dat saam met die kruis ook sy genade kom. As ons swak is, het ons van Hom die heerlike toesegging van sy krag wat in swakheid volbring word. Hy wil nie dat ons ons kruis in ons krag dra nie, want dit is daar nie. Hy wil dat ons dit dra in ons swakheid en in sy krag.